

HOOFSTUK 7

NIE-STRAFREGTELIKE BESKERMING VAN INLIGTING IN DIE SUID-AFRIKAANSE REG

7.1 INLEIDING

Die nie-strafregtelike beginsels van die Suid-Afrikaanse reg, aangaande die beskerming van vertroulike inligting en handelsgeheime, is vanaf die Engelse reg afkomstig¹. Die Engelsregtelike beginsels is egter met die verloop van tyd en ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse reg óf aangepas óf omvergewerp. In die Suid-Afrikaanse reg ten opsigte van nie-strafregtelike beginsels word aanspreeklikheid hoofsaaklik op vooraf kontraktuele ooreenkomste of op die deliktereg gegrond. Kontraktuele verpligtinge kan uitdruklik of stilswyend aangegaan word. Die geldigheid van sodanige kontraktuele bepalinge sal onder andere daarvan afhang of daar beperkings op die handelsvryheid van een van die partye geplaas is. Onregmatige mededinging is gewoonlik die gemeenregtelike delik waarop 'n aksie vir die onregmatige openbaring of verkryging van inligting berus.

Die beginsels waarop kontraktuele en deliktuele aanspreeklikheid vir die onregmatige openbaring van vertroulike inligting gegrond is, word ondersoek met spesifieke verwysing na onder ander 'n werknemer se verpligting tot

¹ Sien *Magna Alloys and Research (SA) (Pty) Ltd v Ellis* 1984(4) SA 874 (A); *Harvey Tiling Co (Pty) Ltd v Rodomac (Pty) Ltd* 1977(1) SA 316 (T) en *Dun and Bradstreet (Pty) Ltd v SA Merchants Combined Credit Bureau (Cape) (Pty) Ltd* 1968(1) SA 209 (C).

vertroulikheid van inligting wat hy of sy ten tyde van hul dienstydperk by die werkgewer opgedoen het. Die aard van die vertroulike inligting wat ingevolge hierdie beginsels geheim gehou moet word, word nagegaan ten einde 'n behoorlike definisie van beskermwaardige inligting te kan opstel.

7.2 KONTRAKTUELE BESKERMING

'n Verpligting om vertroulike inligting of handelsgeheime geheim te hou of teen openbaring te beskerm, kan uit 'n kontrak tussen die partye voortspruit. Sodanige kontrak kan uitdruklike bepalings² bevat wat die vertroulike inligting of handelsgeheim beskerm, of die beskerming kan uit die geïmpliseerde bepalings van die kontrak afgelei word³. So 'n afleiding kan gemaak word uit al die omringende omstandighede van 'n bepaalde geval. Die tipe kontrak wat meestal by die beskerming van vertroulike inligting of handelsgeheime ter sprake kom, is dienskontrakte of 'n kontraktuele ooreenkoms wat beperkings op handelsvryheid plaas.

7.2.1 UITDRUKLIKE KONTRAKTE

Dienskontrakte is nie die enigste wyse waarop beskerming aan vertroulike inligting of handelsgeheime, waar werkgewers en werknemers uitdruklike ooreenkoms om vertroulike inligting en handelsgeheime te beskerm, verleen word nie. 'n Regspersoon of die houer van die vertroulike inligting of handelsgeheim kan ook met 'n werklike of potensiële kliënt 'n uitdruklike ooreenkoms vir die beskerming van sodanige vertroulike inligting of handelsgeheim aangaan.

Die gemeenskaplike eienskap van uitdruklike ooreenkomste is dat die houer van die handelsgeheim of vertroulike inligting sodanige handelsgeheim of vertroulike inligting aan 'n ander persoon vir bepaalde en beperkte doeleindes toevertrou. Die ontvanger van die geheim word die verpligting om nie die geheim vir enige

² Sien hierdie Hoofstuk, par 7.2.1.

³ Sien hierdie Hoofstuk, par 7.2.2.

ander doeleindes te gebruik as wat die houer daarvan in gedagte gehad het nie opgelê. Die ontvanger mag natuurlik ook nie die geheim aan enigiemand anders openbaar of bekend maak nie.

Die ontvanger van die vertroulike inligting of handelsgeheim kan dus deur middel van 'n uitdruklike ooreenkoms beperk word om nie die inligting wat hy verkry het te gebruik nie. Hierdie beperking kan verder 'n invloed op sy handelsvryheid tot gevolg hê. Die leerstuk wat met die beperking op 'n persoon se handelsvryheid te make het is oorspronklik vanuit die Engelse reg afkomstig⁴. Hierdie Engelsregtelike leerstuk van 'restraint of trade' is in vroeëre Suid-Afrikaanse hofbeslissings in 'n mindere of soms meerdere mate erkenning verleen⁵.

In latere jare is daar egter van hierdie Engelsregtelike leerstuk van 'restraint of trade' in beslissings soos *Roffey v Catterall, Edwards & Goudré (Pty) Ltd*⁶ en *Drewtons (Pty) Ltd v Carlie*⁷ afgewyk. In hierdie sake is bevind dat 'n beperking op handelsvryheid in 'n ooreenkoms nie *ab initio* nietig is nie. So 'n ooreenkoms is op grond van *pacta sunt servanda* bindend, behalwe as die party wat aanvoer dat dit wel nietig is, kan aantoon dat die beperkings strydig met die openbare belang is. Regter Didcott het in *Roffey v Catterall, Edwards & Goudré (Pty) Ltd* die *dictum* deur Jessel MR in die Engelsregtelike saak van *Printing and Numerical Registering Co v Sampson*⁸, wat handel oor welke openbare beleidsoorwegings oorweeg moet word, met goedkeuring aangehaal. Hiervolgens is bevind dat, indien daar een ding is wat die openbare belang meer as enigiets anders vereis, is dit dat 'men of full age and competent understanding shall have the utmost liberty of contracting'⁹ en indien 'n kontrak vry en

⁴ Sien die Engelsregtelike saak van *Nordenfelt v Maxim Nordenfelt Guns and Ammunition Co Ltd* (1894) A.C. 535, 565 in Hoofstuk 3 waarin hierdie beginsel neergelê is.

⁵ *Ackermann-Göggingsen Aktiengesellschaft v Marshing* 1973 (4) SA 62 (C).

⁶ 1977 (4) SA 494 (N).

⁷ 1981 (4) SA 305 (C).

⁸ (1875) LR 19 Eq 462.

⁹ *Roffey v Catterall, Edwards & Goudré (Pty) Ltd* 1977 (4) SA 494 (N) 465.

ongedwonge aangegaan is, sal dit deur die geregshowe heilig geag en afdwinging word. Die vernaamste openbare beleidsoorweging is dat daar nie ligtelik met 'n persoon se kontrakteringsvryheid ingemeng moet word nie¹⁰. Regter Didcott het die openbare belang-beginsel dat elkeen die vryheid van handel en werksgeleentheid moet hê opgeweeg teen die beginsel dat kontrakte heilig geag word en het tot die gevolgtrekking gekom dat die Suid-Afrikaanse reg die heilighede van kontrakte verkies. Hy verwys ook op 'n verdere oorweging wat in die openbare belang in ag geneem moet word en dit is dat daar van mense verwag kan word om hulle beloftes gestand te doen¹¹.

Hoewel hierdie beslissings 'n stap in die regte rigting was, was dit beslissings wat in die Hooggeregshof gelewer is en het die Appèlhof op daardie stadium nog nie oor die Engelsregtelike leerstuk van 'restraint of trade' uitsluitel gegee nie. Die Appèlhofuitspraak in *Magna Alloys and Research (SA) (Pty) Ltd v Ellis*¹² het egter op hierdie gebied sekerheid gebring. Hierdie hof het die Engelsregtelike posisie verwerp en bevind dat kontraktuele beperkings op handelsvryheid in beginsel geldig en afdwingbaar is. 'n Hof sal slegs weier om so 'n beperkende bepaling af te dwing, indien die party wat deur sodanig bepaling beperk is, kan bewys dat die betrokke beperking teenstrydig met die openbare belang/beleid is¹³.

Hierdie beginsels, soos neergelê deur die Appèlhof, is in *Thorpe Timber Co (Pty) Ltd v CH Griffin*¹⁴ deur regter Stegman bespreek. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die vorige veronderstelde reël in die lig van die beginsels soos in *Magna Alloys and Research (SA) (Pty) Ltd v Ellis* uiteengesit is, herformuleer moet word. Regter Stegman lê dan die volgende reël neer: 'n kontraktuele beperking wat 'n vorige werknemer se vryheid om die werk waarvoor hy

¹⁰ Ibid.

¹¹ *Roffey v Catterall, Edwards & Goudré (Pty) Ltd* 1977 (4) SA 494 (N) 465 en 505 C-H.

¹² 1984 (4) SA 874 (A).

¹³ Ibid.

¹⁴ 'n Ongerapporteerde beslissing van regter Stegman gedateer 23 Junie 1989 onder saakno 9111/89 (W).

gekwalifiseer is te doen, aan bande lê, sal onredelik en teenstrydig met die openbare belang wees. Indien die gewese werknemer kan bewys dat op die stadium wat afdwinging gevra word, die beperking alleenlik daarop gerig is om regverdige kompetisie met die gewese werkgever aan bande te lê en dat die beperking op daardie stadium nie nodig is vir die regmatige beskerming van die gewese werkgever se beskermbare eiendomsbelange wat uit sy werwingsvermoë in die vorm van handelsverbintenisse en sy handelsgeheime bestaan, sal so 'n kontraktuele beperkings op grond van openbare beleid onafdwingbaar geag word. Indien dit voorkom dat sodanige beskermbare belang wel bestaan en dat die beperking wyer is as wat redelik nodig is vir die beskerming van die gewese werkgever se beskermbare eiendomsbelange, mag die hof enige deel van die beperking wat redelik nodig blyk te wees, wel afdwing¹⁵.

Hierdie neergelegde reël is woordeliks in *Sibex Engineering Services (Pty) Ltd v Van Wyk*¹⁶ aangehaal¹⁷.

¹⁵ Ibid.

¹⁶ 1991 (2) SA 482 (T) 502 J – 503 C.

¹⁷ Die woordelikse aanhaling van die beginsel wat deur regter Stegman in *Thorpe Timber Co (Pty) Ltd v CH Griffin* – ongerapporteerde beslissing gedateer 23 Junie 1989 (Saakno 9111/89(W)) neergelê is, is soos volg:

'I conclude that the previously supposed rule must be reformulated in the light of the principles set out in *Magna Alloys*. When this is done, the following rule emerges: A contractual restraint curtailing the freedom of a former employee to do the work for which he is qualified will be held to be unreasonable, contrary to the public interest and therefore unenforceable on grounds of public policy if the ex-employee (covenanter) proves that at the time enforcement is sought, the restraint is directed solely to the restriction of fair competition with the ex-employer (the covenantee); and that the restraint is not at the time reasonably necessary for the legitimate protection of the covenantee's protectable proprietary interests, being his good will in the form of trade connections; and his trade secrets. If it appears that such a protectable interest then exists and that the restraint is in terms wider than is then reasonably necessary for the protection thereof, the Court may enforce any part of the restraint that nevertheless appears to remain reasonably necessary for that purpose'.

Regter Stegman het in vermeldde ongerapporteerde uitspraak¹⁸ voortgegaan en bevind dat dit die taak van die verhoorhof is om te bepaal of die werknemer hom wel van die *onus*, om feite voor te lê wat beskou sal word as 'sufficient in law to displace the qualified predominance of *pacta sunt servanda* over the public interest in his freedom of employment', gekwyd het¹⁹.

In *Recycling Industries (Pty) Ltd v Mohammed*²⁰ was die werknemer, ingevolge 'n geskrewe dienskontrak, beperk om nie die vertroulike inligting wat hy tydens sy dienstydperk verkry het, te openbaar of te gebruik nie. Die hof het bevind dat volgens die feite in hierdie saak dit duidelik is dat dit wat die werkgewer probeer beskerm slegs die moeite is wat hy aangegaan het om sy eertydse werknemer in die vermoë om te organiseer en effektiewe besigheidsbedryfsmetodes te gebruik, op te lei. Opleiding van hierdie aard kan 'n werknemer natuurlik as die werkgewer se potensiële toekomstige mededinger voorberei. Hierdie opleiding wat 'n werknemer egter in diens van sy werkgewer ontvang kom nie op 'n beskermingswaardige handelsgeheim of vertroulike inligting neer nie. Die werkgewer kan dus nie deur middel van 'n beperkende bepaling in die dienskontrak die werknemer se handelsvryheid in so 'n geval aan bande lê nie. Hierdie is 'n beginsel wat deurgaans in die beslissings gevind word en sorg sal dus geneem word om by die oorweging van enige voorgestelde strafregtelike beskerming van inligting, nie inligting so wyd te omskryf dat dit ook 'n persoon se bekwaamhede en sy ondervinding insluit nie²¹.

In *Basson v Chilwan and Others*²² het regter Eksteen die verwerping van die Engelsregtelike beginsel bevestig en die beginsels soos uiteengesit in *Magna*

¹⁸ Ibid.

¹⁹ Sien ook *Sibex Engineering Services (Pty) Ltd v Van Wyk* 1991(2) SA 482 (T) 506 E – F.

²⁰ 1981 (3) SA 250 (SE).

²¹ Sien Hoofstuk 12.

²² 1993 (3) SA 742 (A).

Alloys and Research (SA) (Pty) Ltd v Ellis bekragtig²³. Regter Eksteen gaan egter voort en bespreek die omvang van die openbare belang. Hy bepaal dat die openbare belang die toetssteen moet wees waarvolgens die howe sal besluit of 'n beperkingsbepaling afgedwing moet word of nie. Die party wat verlang dat die kontraktuele verpligting, waartoe hy plegtig ingestem het, nietig verklaar moet word, behoort ook die party te wees wat moet bewys dat die openbare belang nadelig beïnvloed sal word, indien die bepaling wel afgedwing word²⁴. Die blote feit dat die bepaling *inter partes* onredelik kan wees, is nie normaalweg 'n grond waarop die geldigheid daarvan aangeval kan word nie. Die rede hiervoor is dat die openbare belang vereis dat partye tot 'n kontrak aan die terme van hul ooreenkoms gehou moet word²⁵.

Volgens regter Eksteen is daar egter 'n tweede oorweging, synde dat dit algemeen aanvaar word dat 'n persoon vry behoort te wees om by betekenisvolle ekonomiese aktiwiteite betrokke te raak en om sy vermoëns waarvoor hy opgelei is toe te pas en sodoende tot die welstand van die samelewing by te dra. By die oorweging of 'n beperkingsbepaling afgedwing moet word, sal van die hof verwag word om beide hierdie aspekte in die lig van die omstandighede van elke saak te oorweeg²⁶. Waar die openbare belang die hoeksteen is waarop besluite geneem word en waar die openbare belang van tyd tot tyd wel kan verander, kan daar geen *numerus clausus* van omstandighede wees waarin 'n hof 'n beperking op handelsvryheid as onredelik sal ag nie. Daar kan in die gewone verloop van sake geen regverdiging wees om die begrip van onredelikheid tot gevalle te

²³ Regter Eksteen merk op (762 B – H):

'this Court held (at 897 F – 898 D) that the approach of the English law, that agreements in restraint of trade were *prima facie* void and that an onus rested on the person seeking to enforce them to prove their reasonableness *inter partes* and in the public interest, was not part of our law. It was held that in our law such agreements were *prima facie* enforceable and that an onus rested on the party seeking to avoid the restraint clause to prove that its enforcement would be contrary to the public interest'.

²⁴ Sien *Magna Alloys and Research (SA) (Pty) Ltd v Ellis* 1984 (4) SA 874 (A) 892 I – 893 D.

²⁵ *Ibid*, 893 H – I.

²⁶ *Ibid*, 894 B – E.

beperk waar 'n party kennis van die handelsgeheime of van die handelsverbintenisse of van die gereelde kliënte van 'n onderneming het nie. Met die openbare belang as hoeksteen sal van die hof verwag word om te besluit of in al die omstandighede van die saak dit bewys is dat die beperkingsklousule behoorlik as onredelik geag kan word²⁷.

In *Basson v Chilwan and Others*²⁸ het regter Nienaber vermeld dat 'n bepaling van hierdie aard, waardeur 'n werknemer of vennoot na beëindiging van sy kontrak aan bande gelê word, teen die openbare belang sal indruis as die uitwerking van hierdie belemmering onredelik is. Die redelikheid al dan nie van die belemmering word aan die hand van die breër belange van die gemeenskap beoordeel en andersins aan die hand van die kontrakterende partye self. Wat die breër gemeenskap betref is daar twee botsende oorwegings. Die eerste is dat ooreenkomste gehandhaaf moet word, selfs al bevorder dit onproduktiwiteit. En tweedens, moet onproduktiwiteit ontmoedig word, selfs al verongeluk dit ook die ooreenkoms²⁹. Wat die partye self betref, is 'n beperking tussen die partye onredelik indien dit die een party verhinder om na beëindiging van hulle kontraktuele verhouding, vrylik aan die handels- en beroepswêreld deel te neem, terwyl 'n beskermingswaardige belang van die ander party nie na behore daardeur gedien word nie. Hierdie posisie sal op sigself strydig met die openbare beleid wees. Op dieselfde wyse kan 'n beperking wat *inter partes* redelik is, steeds vir 'n rede wat nie eie aan die partye self is nie, die openbare belang skaad. Die teenoorgestelde kan dalk ook waar wees.

Volgens regter Nienaber kan die partye se eie beskouing, soos in die ooreenkoms vervat, oor wat redelik is, nooit deurslaggewend wees nie³⁰. Ten eerste word die redelikheid van die verbod eers by nabetraging deur 'n hof aan

²⁷ Ibid.

²⁸ *Basson v Chilwan and Others* 1993 (3) SA 742 (A) 767 C – 768 E.

²⁹ Sien ook *Sunshine Records (Pty) Ltd v Frohling and Others* 1990 (4) SA 782 (A) 794 D – E.

³⁰ Sien ook *Magna Alloys and Research (SA) (Pty) Ltd v Ellis* 1984 (4) SA 874 (A) 488 E – F.

die hand van faktore en maatstawwe wat nie noodwendig deur die partye in oënskou geneem was nie, beoordeel. Tweedens, kan die inhoud van die kontraktuele ooreenkoms nie as sulks die uitsluitlike maatstaf wees van wat redelik is nie, want in so 'n geval word die behoortlikheid van die ooreenkoms aan homself getoets. Die feit, dat dit die partye se erns tydens die sluiting van die ooreenkoms was, dat sodanige beperking nodig is, dat hulle die omstrede belange geïdentifiseer het en na waarde geskat het en laastens dat hulle die beperking self as hoogs redelik beskryf het, kan dus nie beslissend wees nie³¹. Dit kan hoogstens 'n faktor wees by die oorweging van wat beskermingswaardig en wat redelik is. Hoe noukeurig 'n ooreenkoms ookal bewoord is, kan geen ooreenkoms 'n andersins onredelike bepaling verskans nie. Kortom, dit is regtens vir die partye net nie moontlik om 'n ooreenkoms te sluit waardeur die handelsverkeer op 'n onredelike wyse gekniehalter word nie.

7.2.2 STILSWYENDE KONTRAKTUELE VERPLIGTING

In die afwesigheid van 'n uitdruklike ooreenkoms om inligting te beskerm, kan 'n kontraktuele verpligting om geheimhouding te respekteer soms van die omstandighede wat in 'n bepaalde saak voorkom afgelei word.

Tydens die duur van 'n dienskontrak is daar 'n geïmpliseerde kontraktuele verpligting op die werknemer om die geheimhouding van 'n werkgewer se handelsgeheime en vertroulike inligting te bewaar. Hierdie verpligting is 'n gevolg van die werknemer se plig tot goeie trou teenoor die werkgewer. Hierdie plig tot goeie trou word ook na verwys as 'n plig tot getrouheid of die plig van die werknemer om die werkgewer se besigheidsbelange tydens die dienskontrak te bevorder. Hierdie verpligting is een van die *naturalia* van 'n dienskontrak. Dit beteken dat hierdie term deur die reg as vanselfsprekend impliseer word, sonder dat daar enige verwysing na die werklike bedoeling of die gedrag van die kontrakterende partye nodig is. Hierdie term is ook nie afhanklik van die

³¹ Sien *David Wuhl (Pty) Ltd and Others v Badler and Another* 1984 (3) SA 427(W) 434 H - I.

kontraktuele ooreenkoms tussen die partye nie, maar word deur die reg van buite die ooreenkoms afgedwing³².

'n Ander tipe geïmpliseerde term van 'n kontraktuele ooreenkoms is die sogenaamde stilswyende terme van die kontrak. Hierdie stilswyende terme word van die gemeenskaplike bedoeling van die partye by 'n kontrak afgelei, hoewel hulle nie hierdie aspek in die ooreenkoms verwoord het nie. Dit word dus van die uitdruklike terme en die omringende omstandighede van die kontrak afgelei. Op hierdie basis kan daar dus 'n verpligting tot vertroulikheid op die werknemer rus selfs nadat die werknemer se dienstermyn beëindig is, net soos wat daar 'n verpligting tot vertroulikheid tydens sy dienstermyn op hom gerus het.

Die beslissing in *Beeton v Peninsula Transport Co (Pty) Ltd*⁶³ handel oor 'n dienskontrak waarin 'n werknemer uitdruklik onderneem het om ten alle tye sy werkgewer se handelsinligting geheim te hou. Regter Sutton het bevind dat dit duidelik is dat, behalwe vir die uitdruklike ooreenkoms, die werknemer ook 'n plig teenoor sy werkgewer het om nie inligting wat hy tydens sy dienstermyn opgedoen het, te openbaar nie, selfs nie nadat die kontrak tussen hulle beëindig is nie. Volgens regter Sutton is dit deel van die geïmpliseerde kontrak tussen die werknemer en die werkgewer dat sodanige vertroulike inligting waarvoor beskerming gevra word, nie tot nadeel van die werkgewer gebruik sal word nie.

Ongetwyfeld is *Coolair Ventilator Co (SA) Ltd v Liebenberg and Another*³⁴ die leidende saak oor hierdie aspek. Regter Marais bespreek egter ook die kwaliteite wat die inligting waarvoor beskerming bepleit word, moet besit. Volgens regter Marais is dit 'n kwessie van algemene kennis dat onder 'n sisteem van private onderneming en dus van mededinging dit tot die voordeel van 'n handelaar is om so veel inligting as moontlik oor die besigheid van sy mededingers te bekom en

³² *Alfred McAlpine & Son (Pty) Ltd v Transvaal Provincial Administration* 1974 (3) SA 506 (A).

³³ 1934 CPD 53.

³⁴ 1967 (1) SA 686 (W) 689 A – H.

om hulle so min as moontlik van sy eie besigheid te laat weet. Die handelaar sal natuurlik op sy gelukkigste wees indien slegs dit wat hy verkies om te openbaar tot die kennis van sy mededingers kom. Die handelaar besef dat die gemeenskaplike kennis van sy werknemers 'n groot hoeveelheid van al sy besigheidsaangeleenthede behels. Terwyl die werknemers in sy diens is en selfs nadat hulle sy diens verlaat het, bly hulle in staat om inligting aan sy mededingers te openbaar, welke inligting tot sy nadeel aangewend kan word. Sodanige inligting kan 'n handelsgeheim wees, soos 'n produksiemetode wat nie deur 'n patent beskerm word nie; of 'n besigheidsgeheim soos die finansiële reëlings van die onderneming; of 'n stukkie huishoudelike inligting, soos die salarisskaal van 'n klerk of die effektiwiteit van die firma se liasseringstelsel. Sekere van hierdie inligting sal van 'n hoogs vertroulike aard wees, aangesien dit potensieel skadelik vir die houer sal wees indien 'n mededinger dit sou bekom. Ander inligting sal minder vertroulik wees en 'n groot hoeveelheid inligting van 'n besigheid sal totaal waardeloos vir 'n mededingende organisasie wees³⁵.

Inaggenome dat hierdie beginsels aan werkgewers en werknemers welbekend is, moet aangeneem word dat indien die vraag aan enige werkgewer wat handelsmededingers het gevra word, sal die antwoord wees: 'But, of course, my employees are under a duty to me not to disclose information which can harm my business³⁶' en die werknemer sal bevestig dat so 'n term in sy dienskontrak geïmpliseer is. Indien 'n werknemer of gewese werknemer hierdie term verbreek is hy 'liable to be interdicted from continuing to do so and to be made to compensate for damages caused'³⁷.

Die moeilike vraagstuk in elke saak is om te bepaal welke inligting wat deur die werknemer versamel is, geskik geag word om deur die werknemer openbaar gemaak te word. Dit wil sê welke inligting skadeloos of algemene kennis is en

³⁵ *Coolair Ventilator Co (SA) Ltd v Liebenberg and Another* 1967 (1) SA 686 (W) 689 H.

³⁶ Ibid.

³⁷ *Coolair Ventilator Co (SA) Ltd v Liebenberg and Another* 1967 (1) SA 686 (W) 689 H.

welke items vertroulik of geheim is. Die onderskeidingslyn kan van saak na saak verskuif, ooreenkomstig wat die algemene praktyk of gebruik in die kategorie van handel of vervaardiging waarin die eiser hom bevind, met spesifieke verwysing na sy bestaande of potensiële mededingers. Indien daar egter objektief vasgestel is dat 'n bepaalde item inligting redelikerwys vir 'n mededinger bruikbaar is, byvoorbeeld deur daarmee 'n voordeel bo die eiser te verkry, wil dit voorkom dat sodanige kennis *prima facie* vertroulik tussen 'n werknemer en 'n werkgewer is en dat 'n openbaring daarvan aan 'n derde party 'n skending van die dienskontrak sal wees. Indien die inligting inderdaad gebruik is ten einde die besigheidsbelange van die eiser skade te berokken, sal die vermoede selfs sterker wees dat die werkgewer en die werknemer, bedoel het dat die inligting wat die werknemer tydens sy diens verkry het as vertroulike inligting hanteer moet word en dat dit nie aan derde partye openbaar gemaak moet word nie.

Die voortbestaan van die gewese werknemer se verpligting teenoor sy vorige werkgewer nadat die diensteryn beëindig is, word ook uitdruklik in *Meter Systems Holdings Ltd v Venter*³⁸ bevestig:

'The information received in confidence by an employee whilst in employment with a particular employer remains protected by a legal duty, implied by the contract of employment, which continues to prohibit disclosure of such information after the termination of the relationship of employer and employee'³⁹.

In *Van Castricum v Theunissen*⁴⁰ het die hof die beginsel bekragtig deur te meld:

'The duty to preserve confidential information is not merely limited to the existence of the contractual relationship of

³⁸ 1993 (1) SA 409 (W).

³⁹ Ibid, 428-429.

⁴⁰ 1993 (2) SA 726 (T).

employer and employee, but extends to the period after termination of such contractual relationship⁴¹.

Dit blyk dat die Suid-Afrikaanse hof soms bereid is om vertroulike inligting en handelsgeheime op beide kontraktuele en deliktuele beginsels te beskerm.

Uit die beslissing in *Coolair Ventilator Co (SA) (Pty) Ltd v Liebenberg*⁴² blyk dit dat die hof aanspreeklikheid op die geïmpliseerde terme van die kontrak gegrond het, maar dat die hof hierteenoor ook deliktuele aanspreeklikheid vir die tweede respondent in gedagte gehad het. Regter Marais merk op dat 'n werkgewer geregtig is op beskerming teen onregmatige mededinging, soos wat dit in die Amerikaanse reg uiteengesit word, aangesien vertroulike inligting van sy besigheid aan 'n mededinger deur sy werknemer of sy gewese werknemer, oorgedra is. Regter Marais bevind verder dat 'n *prima facie* saak, aangaande die volgende aspekte uitgemaak is:

- dat Liebenberg (eerste respondent) wederregtelik voorgegee het dat hy sy diensverhouding met die applikant- maatskappy voortsit, terwyl hy eintlik ten doel gehad het om vertroulike kennis aangaande die applikant se besigheid te bekom;
- dat Liebenberg *mala fide* en wederregtelik handels- en besigheidsinligting as 'n werknemer van die applikant verkry het ten einde die belange van 'n mededingende onderneming te bevorder;
- dat die tweede respondent deur die agentskap van Liebenberg, homself met die wederregtelike optrede van Liebenberg vereenselwig het en dus die verantwoordelikheid moet deel;

⁴¹ Ibid, 736.

⁴² 1967 (1) SA 686 (W) 691 – 692.

- dat die applikant op beskerming van sodanige inmenging met sy regte geregtig is en ook op vergoeding vir enige skade wat hy gely het⁴³.

Hoewel die tweede respondent nie deel van die kontraktuele verpligting tussen die eerste respondent (die werknemer) en die werkgewer was nie, het hy uit die optrede van die eerste respondent, wat die rol van 'n agent vervul het, gebaat. Die tweede respondent is derhalwe op grond van die deliktuele beginsels van onregmatige mededinging aanspreeklik gehou⁴⁴.

Die Engelsregtelike beginsel van 'breach of confidence' het 'n invloed op sekere beslissings in die Suid-Afrikaanse reg gehad het. In *Harvey Tiling Co (Pty) Ltd v Rodomac (Pty) Ltd*⁴⁵ het die verweerder nadat hy die diens van die eiser verlaat het begin om dakteëls in mededinging met sy gewese werkgewer te vervaardig. Hy het gebruik gemaak van 'n geheime vervaardigingsproses wat hy, toe hy nog in diens van sy gewese werkgewer was, help ontwikkel het. Regter Nicholas het 'n interdik aan die eiser toegestaan, maar as deel van sy redes vir die toestaan van die interdik vermeld hy dat die partye in die hof ooreengekom het dat die gepaste beginsel in hierdie saak die Engelsregtelike beginsels soos in *Saltman Engineering Co Ltd v Campbell Engineering Co Ltd*⁴⁶ neergelê, is. Volgens hierdie neergelegde beginsel sal die reg 'n verpligting in die kontrak as 'n geïmpliseerde term inlees, synde dat vertroulike aangeleenthede vertroulik

⁴³ Ibid, 691-692.

⁴⁴ *Coolair Ventilator Co (SA) (Pty) Ltd v Liebenberg* 1967 (1) SA 686 (W) 692.

⁴⁵ 1977 (1) SA 316 (T) 322.

⁴⁶ (1948) 65 R.P.C. 203; die opmerking deur Lord Greene MR waarop die partye ooreengekom het as synde die regsbeginsele wat in die saak moet geld lui soos volg:

'The claim is based on breach of confidence, in respect of which a right may be infringed without the necessity of there being any contractual relationship If two parties made a contract, under which one of them obtains for the purpose of the contract or in connection with it some confidential matter, even though the contract is silent on the matter of confidence the law will imply an obligation to treat that confidential matter in a confidential way, as one of the implied terms of the contract; but the obligation to respect confidence is not limited to cases where the parties are in contractual relationship'.

hanteer moet word, indien twee partye 'n kontrak aangaan waarvolgens een van die partye vertroulike inligting verkry, selfs al swyg die kontrak oor sy vertroulikheidsplig. Regter Nicholas het verder op die Engelse reg gesteun met sy latere opmerking in die uitspraak. Hy merk op dat dit ook nie tussen die partye in geskil is dat die verweerder, as synde 'n gewese werknemer van die eiser, onder 'n algemene plig van goeie trou teenoor die eiser en die maatskappy gestaan het om nie vertroulike inligting te neem of dit tot sy eie voordeel te gebruik nie⁴⁷.

Die eerste verweerder in *Allied Electric (Pty) Ltd v Meyer and Another*⁴⁸ was in diens van die applikant in 1976 en is gedurende 1978 bevorder tot die pos van produkbestuurder. Aan die einde van April 1979 het hy die applikant se diens verlaat en is deur die tweede verweerder in diens geneem. Die applikant het die hof op 'n dringende basis genader om 'n interdik te verkry. Hy versoek onder andere 'n interdik ten einde die eerste verweerder te verhoed om vertroulike inligting wat hy tydens sy diens by die applikant bekom het aan die tweede verweerder te openbaar. Regter King bevestig die regsbeginsels wat geld by 'n ooreenkoms wat oor 'n beperking op handelsvryheid handel. Volgens Regter King sal 'n ooreenkoms om handelsvryheid te beperk slegs afgedwing word indien dit redelik tussen die partye is en rus die bewyslas om redelikheid te bewys op die applikant⁴⁹. Die applikant moet aantoon dat die beperking noodsaaklik is ten einde 'n eiendomsbelang te beskerm en dat die beperking nie wyer is as wat redelik nodig is om daardie belang te beskerm nie. 'n Beperking wat bloot ten doel het om mededinging te beperk is onredelik en onafdwingbaar⁵⁰. Verder sal 'n hof 'n beperking tussen 'n werknemer en 'n

⁴⁷ *Harvey Tiling Co (Pty) Ltd v Rodomac (Pty) Ltd* 1977 (1) SA 316 (T) 322.

⁴⁸ 1979 (4) SA 326 (W) 335 C – E.

⁴⁹ *Allied Electric (Pty) Ltd v Meyer and Another* 1979 (4) SA 325 (W) 329 A.

⁵⁰ *Ibid*, 329 A-B.

werkgewer strenger beoordeel as 'n beperkende ooreenkoms tussen twee gelyke kontrakterende partye⁵¹.

Regter King⁵² bepaal dat indien die feite aandui dat die vertroulike inligting deur die eerste verweerder in die verloop van sy diens by die applikant bekom is en dat hy die doel het om dit aan die tweede verweerder te openbaar, dan is die applikant geregtig in terme van die dienskontrak of ingevolge die gemene reg tot 'n interdik om die eerste verweerder te verhoed om dit te doen⁵³.

Volgens Regter King is hy gedagtig aan die beginsel dat 'n werknemer geregtig is om die praktiese kennis en vermoëns wat hy tydens sy diens by die werkgewer opgedoen het te gebruik⁵⁴, maar dat daar 'n onderskeid is tussen die gebruik van kennis en vermoëns wat so opgedoen is en die openbaring van sodanige vermoëns en kennis⁵⁵. Volgens hom sal die hof slegs inmeng indien 'n handelsgeheim of vertroulike inligting uitgebuit of openbaar gemaak word onder omstandighede wat nie vereenselwigend is met goeie trou nie⁵⁶.

In *Allied Electric (Pty) Ltd v Meyer and Another*⁵⁷ bevind Regter King dat die applikant nie aangaande die gebruik van vertroulike inligting op enige hofbevel geregtig is nie en dat daar geen getuienis aangebied was wat 'n uitbuiting van die vertroulike inligting deur die eerste verweerder in enige besigheid wat hy in sy eie belang bedryf bewys is nie. Die enigste vraag is aangaande die openbaring

⁵¹ Ibid, 329 B-C.

⁵² *Allied Electric (Pty) Ltd v Meyer and Another* 1979 (4) SA 325 (W).

⁵³ Ibid, 335 A.

⁵⁴ Regter King verwys hier na die beslissing deur Cross J in *Printers and Finishers Ltd v Holloway* 1965 RPC 239 (Ch) 255-256.

⁵⁵ Regter King verwys na die volgende aanhaling in *United Indigo Chemical Co Ltd v Robinson* (1932) 19 RPC 179:

'In those circumstances it seems to me to be almost impossible, in justice to the servant, to restrain him when he leaves his master's employment from using – not disclosing – information which he could not help acquiring'.

⁵⁶ *Allied Electric (Pty) Ltd v Meyer and Another* 1979 (4) SA 325 (W) 335 C-D.

⁵⁷ Ibid, 335 D-E.

van die vertroulike inligting aan die tweede verweerder en hierop het regter King 'n interdik toegestaan wat die eerste verweerder verhoed om vertroulike inligting aan die tweede verweerder te openbaar⁵⁸.

In *Northern Office Micro Computers (Pty) Ltd v Rosenstein*⁵⁹ bespreek regter Marais die verskil tussen handelsgeheime aan die een kant en die inhoud van 'n werknemer se eie vermoë, kennis en ondervinding aan die ander kant. Hy is van oordeel dat dit besonder moeilik is om die skeidslyn tussen die gebruik deur 'n werknemer van sy eie vermoë, kennis en ondervinding en die gebruik deur hom van sy werkgever se handelsgeheime, te trek⁶⁰. 'n Werkgever se handelsgeheime mag dalk niks meer wees as die resultaat van die toepassing deur die werknemer van sy eie vermoë, kennis en ondervinding. Maar indien die werknemer betrokke was in die ontwikkeling van die geheim, bly dit die handelsgeheim van die werkgever. Die werknemer mag dit nie bloot kopieer nie. Byvoorbeeld, indien hy vertroulike marknavorsing vir sy gewese werkgever gedoen het ten einde te bepaal wat die aanvraag, indien enige, in 'n bepaalde gebied vir 'n bepaalde tipe produk is, kan hy nie bloot die navorsing kopieer en aan sy nuwe werkgever oorhandig nie. Maar niks verhoed die werknemer om dieselfde marknavorsing in dieselfde gebied aangaande dieselfde produk vir sy volgende werkgever of vir homself te gaan doen nie⁶¹. Dus algemeen gesproke, kan hy nie verhoed word om sy eie vermoëns en ondervinding te gebruik om 'n bepaalde resultaat te bereik nie, bloot omdat dit 'n resultaat is wat hy reeds voorheen by sy vorige werkgever behaal het nie⁶².

⁵⁸ Ibid, 335 D-G.

⁵⁹ 1981 (4) SA 123 (C).

⁶⁰ 1981 (4) SA 123 (C) 136 C.

⁶¹ 1981 (4) SA 123 (C) 136 D-E.

⁶² 1981 (4) SA 123 (C) 136 E.

Die respondent in *SA Historical Mint (Pty) Ltd v Sutcliffe*⁶³ het na bewering vir sy eie voordeel vertroulike inligting wat hy as bemarkingsbestuurder in diens van die applikant, SA Historical Mint, verkry het, gebruik. Regter van den Heever behandel die beskerming van handelsgeheime of vertroulike inligting in die Suid-Afrikaanse reg en bepaal dat dit in die Suid-Afrikaanse reg aanvaar word dat 'n werknemer nie van inligting wat hy tydens sy werk in vertroue ontvang het gebruik mag maak met die doel om met sy werkgever of gewese werkgever mee te ding nie. Alledaagse algemene inligting kan nie beskerm word deur bloot aan 'n werknemer te vertel dat dit 'n handelsgeheim is nie. Die kwaliteit van die materiaal as synde geheim of nie kan nie bloot deur vir die werknemer te sê dat dit 'n handelsgeheim is, verander word nie.

Regter van den Heever⁶⁴ gaan voort en bepaal dat daar nie 'n algemene plig op 'n werknemer is nie en daar ook nie 'n algemene plig op 'n werknemer geplaas kan word, wat sodanige werknemer belas, ongeag of hy nederig of op die boonste bestuursvlak is om nie met die maatskappy waar hy voorheen in diens was mee te ding nie. Maar in hierdie proses van mededinging mag hy nie die maatskappy se eiendom, dit wil sê sy handelsgeheime of vertroulike interne besigheidsinligting of die energie wat bestee word tydens die pogings, of dit in navorsing of onderhandeling is, om dit te bevoordeel, steel nie.

In *Meter Systems Holdings Ltd v Venter and Another*⁶⁵ het regter Stegman soos volg opgemerk:

'Our law recognises fiduciary relationships which, as a matter of law, give rise to an obligation to respect the confidentiality of information imparted or received in confidence, and to refrain from using or disclosing such information otherwise than as permitted by law or by

⁶³ 1983 (2) SA 84 (C) 89 H.

⁶⁴ Ibid.

⁶⁵ 1993 (1) SA 409 (W).

contract. The fiduciary relationships which give rise to such legal duties are in some instances based on contracts and in some instances they are not⁶⁶.

As voorbeeld van sodanige kontrakte 'which give rise to such fiduciary relationships' en pligte noem hy die kontrak tussen prinsipaal en agent, asook die tussen werkgewer en werknemer. Indien die vertrouensverhouding uit 'n kontrak voortvloei, word hierdie verpligting om die vertroulikheid van inligting wat in vertrouwe toevertrou of ontvang is, gewoonlik geag as 'n term van die kontrak wat deur die reg geïmpliseer word. Sodanige geïmpliseerde term is egter onderworpe aan enige teenstrydige bepalings waartoe die partye op ooreengestem het. Die inhoud van so 'n geïmpliseerde term moet noodwendig bepaal word in die lig van die bepalings van die kontrak in geheel⁶⁷.

7.3 DELIKTUELE AANSPREEKLIKHEID

In die Suid-Afrikaanse reg is 'n eis vir onregmatige mededinging nie net op kontrakbreuk gebaseer nie, maar die deliktuele remedie van *lex Aquilia* is ook tot die eiser se beskikking. Onregmatige mededinging word volgens Van Heerden en Neethling⁶⁸ omskryf as enige handeling wat daarop gerig is om in die mededingingstryd 'n voorsprong bo mededingers te verwerf en wat deur die reg afgekeur word. Hoewel geargumenteer kan word dat onregmatige mededinging voldoende beskerming aan sowel vertroulike inligting as handelsgeheime verleen, het dit egter een tekortkoming indien dit by die beskerming van vertroulike inligting *per se* kom. Onregmatige mededinging veronderstel die bestaan van handelsmededinging⁶⁹. Dit beteken dat onregmatige mededinging

⁶⁶ Ibid, 426.

⁶⁷ Ibid.

⁶⁸ Van Heerden en Neethling, 8-9.

⁶⁹ Van Heerden en Neethling, 10; sien ook Neethling, 204.

slegs beskerming sal verleen indien die aksie tussen mededingende handelspartye plaasvind⁷⁰.

7.3.1 DIE REGSBASIS VIR DELIKTUELE AANSPREEKLIKHEID

Die grondslag van hierdie deliktuele aksie is die algemene beginsel dat elke persoon geregtig is om vrylik sy of haar ambag, professie of roeping in kompetisie met andere te beoefen. Hoofregter Innes het hierdie beginsel reeds in 1916 in *GA Fichardt Ltd v The Friend Newspapers Ltd*⁷¹ vasgelê, waar hy opgemerk het:

‘Freedom duly and lawfully to exercise one’s own energies and to engage in one’s own activities, is an absolute right. Every person, therefore, and every company is entitled as against all the world to carry on a lawful business in a way which does not trespass upon the right of others’⁷².

Hierdie vryheid is egter nie onbeperk nie, want die veroorsaking van vermoënskade deur onregmatige mededinging sal tot aanspreeklikheid onder die Aquiliese aksie lei. In *Matthews and Others v Young*⁷³ stel regter De Villiers die volgende beperking voor en meld dat in die afwesigheid van spesiale regsbeperking is ‘n persoon sonder twyfel geregtig tot die vrylike uitoefening van sy ambag, professie of roeping, behalwe as hy homself tot die teendeel verbind het. Hy kan egter nie ‘n absolute reg eis om sy ambag, professie of roeping vrylik sonder inmenging deur andere te beoefen nie. Mededinging bring gereeld

⁷⁰ Sien ook Du Plessis, 95 en *Schultz v Butt* 1986 (3) SA 667 (A) 683-684, waar die hof opmerk:

‘In South Africa the Legislature has not limited the protection of the law in cases of copying to those who enjoy rights of intellectual property under statutes. In fact that in a particular case there is no protection by way of patent, copyright or registered design, does not licence a trader to carry on his business in unfair competition to his rivals’.

⁷¹ 1916 AD 1.

⁷² Ibid, 6.

⁷³ 1922 AD 492, 507.

inmenging op die een of ander wyse waaroor mededingers nie regmatig kan kla nie. Hierdie mededinging moet egter binne regmatige grense bly. Al wat 'n persoon dus kan eis is die reg om sy roeping uit te leef sonder onregmatige inmenging deur andere. Sodanige inmenging sal 'n *injuria* daarstel waarvoor 'n aksie onder die *lex Aquilia* beskikbaar is, indien dit regstreeks verlies tot gevolg het⁷⁴.

In *Geary & Son (Pty) Ltd v Grove*⁷⁵ verwys hoofregter Steyn ook na die beperkings op die algemene reël. Hy vermeld dat dit wil voorkom dat die eiser in hierdie saak beweer dat 'n mededinger onregmatig met sy regte as 'n handelaar ingemeng het en dat die reg waarop hy steun sy reg is om kliënte te werf. Hierdie aksie is *Aquilies* en die eiser eis ingevolge die deliktereg. Die regter wil nie die beperkings wat op mededinging in handel deur Aquiliese aanspreeklikheid gelê word definieer nie, maar hy meld dat wat hierdie beperkings ookal is, is dit duidelik dat inmenging van hierdie aard wat in die geval voorkom wel erken word as 'n inbreukmaking op 'n handelaar se regte en is dus 'n delik in die Suid-Afrikaanse reg⁷⁶.

Deliktuele aanspreeklikheid is breedvoerig deur regter Corbett in *Dun and Bradstreet (Pty) Ltd v SA Merchants Combined Credit Bureau (Cape) (Pty) Ltd*⁷⁷ bespreek. Die eiser en die verweerder het as voorsieners van kredietinligting besigheid gedoen. Die eiser was die outeur, samesteller en outeursreghouer van 'Credit Records' wat hy aan sy intekenaars beskikbaar gestel het op voorwaarde dat die inligting daarin vervat in vertroue gehou moet word en aan geen ander persoon openbaar gemaak mag word nie. Die verweerder het toegang tot die inligting verkry sonder die eiser se toestemming en die inligting vervat in die eiser se 'Credit Records' reproduseer op kaarte en in sy eie rekords, ten einde

⁷⁴ *Matthews and Others v Young* 1922 AD 492, 507.

⁷⁵ 1964 (1) SA 434 (A) 440 – 441.

⁷⁶ *Ibid.*

⁷⁷ 1968 (1) SA 209 (C).

mondelinge verslae aan sy intekenaars te verskaf⁷⁸. Die eiser se regsverteenwoordiger het aangevoer dat daar twee moontlike grondslae vir 'n eis in die Suid-Afrikaanse deliktereg bestaan. Die eerste is dat die inligting vervat in die 'Credit Records' eiendom in die eiser se hande daarstel en dat die onregmatige 'misappropriation' en gebruik van die inligting deur die verweerder 'n delik in ons reg verteenwoordig⁷⁹. Regter Corbett meld egter dat dit waar is dat die deliktereg 'n aksie verleen vir 'n verskeidenheid optredes wat 'n inbreukmaking op 'n persoon se besit en genieting van sy liggaamlike eiendom daarstel. Verder geniet onliggaamlike eiendom, soos 'n persoonlike reg wat uit 'n kontrak voortvloei, ook 'n mate van beskerming aangesien 'n deliktuele remedie aan 'n party tot die kontrak wat beweer dat 'n derde party opsetlik en sonder 'n regverdigingsgrond op sy genot van die eiendom inbreuk gemaak het deur die ander party tot die kontrak uit te lok om 'n skending daarvan te pleeg, beskikbaar is⁸⁰. In hierdie saak eis die eiser egter nie dat die verweerder op die kontraktuele regte wat hy teenoor sy intekenaars geniet op inbreuk gemaak het en daardeur sy eiendomsregte daarin versteur het nie⁸¹. Inteendeel, geen kontrakbreuk deur die intekenaars of enige beïnvloeding van die intekenaars om kontrakbreuk te pleeg word beweer nie⁸².

Die eiser voer aan dat die 'subject matter of these contractual rights, viz. the confidential information imparted in "Credit Records", and not the rights themselves, is *incorporeal property*⁸³ at common law' en dat die eiser geregtig is

⁷⁸ *Dun and Bradstreet (Pty) Ltd v SA Merchants Combined Credit Bureau (Cape) (Pty) Ltd* 1968 (1) SA 209 (C) 212-213.

⁷⁹ *Dun and Bradstreet (Pty) Ltd v SA Merchants Combined Credit Bureau (Cape) (Pty) Ltd* 1968 (1) SA 209 (C) 215 F.

⁸⁰ Sien ook *Isaacman v Miller* 1922 TPD 56, 61 en *Solomon v Du Preez*, 1920 CPD 401.

⁸¹ *Dun and Bradstreet (Pty) Ltd v SA Merchants Combined Credit Bureau (Cape) (Pty) Ltd* 1968 (1) SA 209 (C) 215 F-H.

⁸² *Ibid*, 215 H.

⁸³ My kursivering.

om teen die onregmatige gebruik van die eiendom deur die verweerder, beskerm te word⁸⁴. Volgens regter Corbett is hierdie eis ongegrond en hy merk op:

‘I do not think that, except in a somewhat loose sense, such information, as distinct from the contractual rights, can be regarded as property at common law; nor do I believe that the plaintiff can found a cause of action upon an alleged invasion of its rights of “property” in such information’⁸⁵.

Nadat regter Corbett na die Engelse en Amerikaanse reg verwys het, sit hy die posisie aangaande onregmatige mededinging in die Suid-Afrikaanse reg uiteen. Hy meen dat waar ‘n handelaar deur die toepassing van sy vermoëns en arbeid inligting saamgestel het wat hy aan sy kliënte op ‘n vertroulike basis versprei (dit wil sê op die veronderstelling dat die inligting nie aan andere openbaar gemaak sal word nie) ‘n mededingende handelaar wat nie ‘n kliënt is nie, maar wat op een of ander wyse die inligting bekom het, wetende wat die aard daarvan is en die basis waarop dit versprei is, dit in sy mededingende besigheid gebruik en daardeur die eersgenoemde handelaar in sy besigheid skade berokken, pleeg ‘n onregmatige handeling teenoor laasgenoemde en sal teenoor laasgenoemde vir skade aanspreeklik wees⁸⁶. Die eiser-handelaar is in ‘n gepaste geval geregtig om ‘n interdik teen die voortsetting van sodanige onregmatige optrede te verkry. Regter Corbett is van mening dat selfs al is daar geen regstreekse presedent in ons reg vir hierdie standpunt nie, hy tog van mening is dat dit ‘n goed gebaseerde ontwikkeling van ons reg op die gebied van onregmatige mededinging daarstel en dat dit in ooreenstemming is met tendense van regsontwikkeling elders. Die feit dat die inligting op ‘n vertroulike basis aan ‘n beperkte klas persone versprei is, verhoed dat dit openbare eiendom word, wat deur mededingende handelaars gebruik kan word of deur mededingende

⁸⁴ *Dun and Bradstreet (Pty) Ltd v SA Merchants Combined Credit Bureau (Cape) (Pty) Ltd* 1968 (1) SA 209 (C) 215 H.

⁸⁵ *Dun and Bradstreet (Pty) Ltd v SA Merchants Combined Credit Bureau (Cape) (Pty) Ltd* 1968 (1) SA 209 (C) 215 H – 216 A en ook *Nelson and Meurant v Quin & Co* (1874) Buch. 46.

⁸⁶ *Dun and Bradstreet (Pty) Ltd v SA Merchants Combined Credit Bureau (Cape) (Pty) Ltd* 1968 (1) SA 209 (C) 221 C-E.

handelaars nageboots kan word. In sodanige omstandighede is die optrede van die mededingende handelaar wat inligting verkry, terwyl hy bewus is van die omstandighede, en die inligting gebruik om sy eie besigheidsbelange en besigheidsbedrywighede te bevorder, 'n oorwoë misbruik en kaping van die produkte van 'n ander se vermoëns en arbeid. Sodanige optrede word gesien as oneerlik en stel bedrieglike handeling teen die opsteller van die inligting daar⁸⁷.

Regter Corbett gaan voort en merk op:

'I consider that, as in the case of false misrepresentations concerning one's own ware or of passing-off, our Courts should treat this as constituting unlawful competition and as being actionable at the suit of the trader damnified thereby. As in those cases, the conduct of the trader misappropriating the information would amount to an infringement of the rights of the compiler thereof to carry on his trade and attract custom without unlawful interference from competitors; and the damage suffered would normally consist of the loss of customers or potential customers who have been induced by such conduct to deal with his competitor rather than with the compiler himself. Bearing in mind the Aquilian character of a claim based upon such conduct, it seems to me that the suffering of damage in this form and its causal connection with the acts of unlawful competition are essential ingredients of the claimant's cause of action'⁸⁸.

⁸⁷ Ibid, 221 E-G.

⁸⁸ Sien *Dun and Bradstreet (Pty) Ltd v SA Merchants Combined Credit Bureau (Cape) (Pty) Ltd* 1968 (1) SA 209 (C) 221 G – 222 A; vergelyk ook die Duitse reg ingevolge waarvan 'n wet teen onregmatige mededinging ter beskerming van handelsgeheime in 1909 ingestel is. Artikel 17(2)(1) van die Wet op Onregmatige Mededinging bepaal dat:

'.... anyone who, for purposes of competition, for personal gain, for the benefit of a third party, or with the intention of damaging the proprietor of a business without authorisation, procures or secures a trade secret, provided that this is done using technical means (such as a camera, by making reprographic copies, or by stealing documents)' is strafbaar – sien F-K Beier, *The Protection of Trade Secrets in Germany: A Short Appraisal in View of Japans New Trade Secrets Legislation* in HG Leser

In *Stellenbosch Wine Trust Ltd v Oude Meester Group Ltd*⁸⁹ verklaar regter Diemont dat hy geen twyfel het dat 'n handelaar wat 'n mededinger se inligting, wat hy weet geheim en vertroulik is en wat deur die mededinger se 'skill and industry' ontwikkel is, kaap, onregverdig en oneerlik handel indien hy die inligting vir sy eie wins en tot die nadeel van sy mededinger gebruik. Hierdie optrede deur die handelaar stel 'n 'deliberate misappropriating of a business asset which was

and T Isomura (eds) *Wege zum Japanischen Recht* (1992) 817, 818, 823 – 824.

Artikel 17(1) maak voorsiening vir:

'the punishment of employees, workers or apprentices of a business enterprise who, within the duration of the employment relationship, disclose without authorisation a trade secret, entrusted or acquired during the course of employment, to a third person, for competitive purpose, for personal gain or with the intent to damage the owner of the enterprise. This provision applies only to disclosures made during the term of the employment relationship'.

Volgens die *Law Commission for England and Wales* (Appendix B1 – 2) is 'n algemeen aanvaarde definisie van 'n handelsgeheim vir doeleindes van artikel 17 in die Duitse reg ontwerp. Hiervolgens is handelsgeheime:

'facts in connection with a business enterprise, known only to a strictly limited group of persons (or, stated differently, not publicly known), which are to be kept secret according to the expressly stated or presumed intention of the enterprise, having a justified interest in keeping these facts secret'.

Dus word enige inligting wat relevant is tot die ekonomiese 'or competitive situation of an enterprise' beskermbaar as 'n handelsgeheim. Möhrenschrager, 339 merk soos volg op aangaande die uitleg van artikel 17 van die *Act Against Unfair Competition*:

'Criminal liability attaches to any body who among other things, obtains such a secret in unauthorized fashion by the application of technical means, for example, by using an EDP system, tapping data transmission lines, producing a copy of data or removing the data carrier. Where the person in question already has such knowledge, it is similarly an offence for him to secure it for himself without permission. A requirement here is that the offender acts for purposes of competition, for his own benefit, to the advantage of a third party, or with intent to damage the owner of a business. It is not necessary here for the data to be secured in some special way. It is not only industrial espionage which is a punishable offence, but also the betrayal of such secrets by employees of the firm in question if this is done for the motives just mentioned. Criminal liability is similarly incurred by any person who, without permission, makes use of or passes on data which have been obtained or secured in unauthorized fashion (what is known as "handling stolen secrets"). A further tightening up of the statutory provision here has come from the Second Act to Suppress Economic Crime, which generally make attempted acts of this kind a criminal offence as well,'.

⁸⁹ 1972 (3) SA 152 (K) 162.

acquired by another's skill and industry' daar⁹⁰. Dit is moeilik om te verstaan hoe hierdie optrede in beginsel van die optrede van 'n persoon wat goedere vanaf 'n mededinger se winkelrakke steel verskil. Beide optredes is 'n onregmatige inmenging met die handel van 'n ander en beide optredes stel 'n eisorsaak daar wat binne die beginsels van die *Lex Aquilia* val. Regter Diemont het verder beklemtoon dat die afwesigheid van 'n regstreekse presedent in ons regspraak dat hierdie aksiegrond in die *Lex Aquilia* geleë is nie, nie fataal is nie. Daar moet net aan al die vereistes van Aquiliese aanspreeklikheid voldoen word. Gevolglik hoef die veronregte mededinger wat die slagoffer van 'n ander se onregmatige optrede is, nie te poog om sy aksie binne die raamwerk van die een of ander besondere delik in te dwing nie⁹¹.

Regter Goldstone het in *Prok Africa (Pty) Ltd v NTH (Pty) Ltd*⁹² bevestig dat die remedie vir misbruik van vertroulike inligting wel die *Lex Aquiliae* is. Hoewel die enigste gerapporteerde sake tot op daardie stadium gehandel het met eise wat deur die eienaar van die vertroulike inligting ingestel is, het regter Goldstone verder bevind dat daar in beginsel geen rede is om sodanige eise tot die wat deur die eienaar ingestel is, te beperk nie. Hy is van oordeel dat 'n persoon, soos 'n 'temporary exclusive licensee', wat nie die regshebbende van die vertroulike inligting is nie, wel *locus standi* het om 'n aksie teen 'n mededinger, wat sy reg op werfkrag aangetas het deur op 'n oneerlike wyse vertroulike inligting van die lisensiehouer te bekom en te benut, in te stel. Regter Goldstone kan in beginsel geen rede sien hoekom die omvang van hierdie tipe aksie beperk moet word deur dit slegs aan die eienaar van die vertroulike inligting te verleen nie. Die onreg waarop die eisorsaak gegrond is en waarvoor die remedie verleen word is nie 'n inbreukmaking op regte aangaande eiendom nie. Die onreg is die onregmatige skending van 'n mededinger se reg om teen onregmatige mededinging beskerm te word. Indien A in regmatige besit van B se vertroulike

⁹⁰ Ibid.

⁹¹ Van Heerden en Neethling, 25 en *Stellenbosch Wine Trust Ltd v Oude Meester Group Ltd* 1972 (3) SA 152 (K) 161.

⁹² 1980 (3) SA 687 (W) 696 – 697.

inligting is en sodanige besit deur A verkry was ten einde sy eie besigheidsbelange te bevorder, sal dit 'n onreg gepleeg teen A in belang van C, 'n mededinger van A, daarstel om die inligting op oneerlike wyse van A te verkry met die doel om dit tot die nadeel van A se besigheid te gebruik. Dat dit ook 'n onreg, gepleeg teenoor B, kan wees is 'n ander aangeleentheid. Sodra daar 'n oneerlike optrede van die aard soos gestel is en verlies of skade deur die persoon teenoor wie die onreg gepleeg was, gely is, blyk dit dat die vereistes vir Aquiliese aanspreeklikheid wel teenwoordig is.

In *Atlas Organic Fertilizers (Pty) Ltd v Pikkewyn Ghwano (Pty) Ltd*⁹³ het regter Van Dijkhorst die posisie onomwonde gestel:

‘A delictual action on “breach of confidence” can only be a manifestation of the Aquilian action of unlawful competition’⁹⁴.

Later het die Appèlhof in *Schultz v Butt*⁹⁵ bevestig dat 'n aksie gegrond op onregmatige mededinging die Aquiliese aksie is. Die hof het verder bevind dat hoewel daar in *Dun and Bradstreet (Pty) Ltd v SA Merchants Combined Credit Bureau (Cape) (Pty) Ltd*⁹⁶ beslis is dat die aksie vir skending van vertroulikheid nie deel van die Suid-Afrikaanse reg uitmaak nie, beteken dit nie dat die misbruik van vertroulike inligting ten einde 'n persoon se eie besigheidsbelange en aktiwiteite te bevorder ten koste van die mededinger, mag nie 'n onregmatige daad in verband met 'n aksie vir onregmatige mededinging daarstel nie⁹⁷.

⁹³ 1981 (2) SA 173 (T) 191.

⁹⁴ Ibid.

⁹⁵ 1986 (3) SA 667 (A) 678.

⁹⁶ 1968 (1) SA 209 (C).

⁹⁷ *Schultz v Butt* 1986 (3) SA 667 (A) 679.

Regter Stegman in *Meter Systems Holdings Ltd v Venter and Another*⁹⁸ onderskei tussen 'n 'fiduciary relationship' gebaseer op kontrak en die wat nie op kontrak gebaseer is nie en merk op:

'When the fiduciary relationship is not based on contract, it is necessary to look to the law of delict, and in particular to the principles of Aquilian liability, in order to ascertain the extent of the legal duty to respect the confidentiality of information imparted or received in confidence. These aspects of the law, including both the content of the contractual term relating to confidential information implied by law in a contract giving rise to a fiduciary relationship, and also the content of the legal duty relating to confidential information imposed on Aquilian principles, are currently in a process of development. They appear to be developing in parallel in the sense that the emerging definition of the legal duty relating to confidential information for the purpose of the law of delict arising out of a fiduciary relationship *not* based on contract is not materially different from the emerging definition of the contractual term implied by law arising out of a fiduciary relationship that *is* based on contract'⁹⁹.

7.3.2 DIE AQUILIESE AKSIE MET SPESIFIEKE VERWYSING NA ONREGMATIGE MEDEDINGING

Volgens Van Heerden en Neethling¹⁰⁰ skeer die Appèlhof¹⁰¹ in beginsel die inwerkings op liggaamlike en onliggaamlike vermoënsgoedere (soos enersyds sake en andersyds die algemene vermoënsbelange wat by wanvoorstellings op

⁹⁸ 1993 (1) SA 409 (W) 426 – 427.

⁹⁹ Ibid.

¹⁰⁰ Van Heerden en Neethling, 22 – 23.

¹⁰¹ In *Administrateur, Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 (3) SA 824 (A).

die spel kan kom) vir doeleindes van Aquiliese aanspreeklikheid oor dieselfde kam. Die Appèlhof ontken sodoende dat daar in beginsel 'n verskil is tussen skadeveroorsoekende handeling wat uit woorde bestaan en skadeveroorsoekende handeling wat uit dade bestaan¹⁰². Daarom is daar hoegenaamd geen rede waarom enige inwerking op iedere onliggaamlike vermoënsgoed nie die *actio legis Aquiliae* kan fundeer nie, mits daar aan die vereistes van onregmatigheid en skuld voldoen word. Sodoende kan Aquiliese aanspreeklikheid aan elke wanvoorstelling wat onregmatig op 'n vermoënsgoed (van welke aard ookal) van die eiser inwerk, geknoop word, ongeag of die eiser self of derdes tot nadeel van die eiser mislei is en ongeag welke skuldvorm by die dader aanwesig is. Uit die voorafgaande volg dit dat die uitbreidingsproses van die *actio legis Aquiliae* reeds so ver gevorder het dat die suiwer vermoënsverlies wat een mededinger 'n ander op onregmatige en skuldige wyse berokken, die Aquiliese aksie kan fundeer¹⁰³.

7.3.2.1 DIE ELEMENT VAN ONREGMATIGHEID

Hierdie element veroorsaak gewoonlik hoofbrekings soos deur regter Van Dijkhorst in *Atlas Organic Fertilizers (Pty) Ltd v Pikkewyn Ghwano (Pty) Ltd and Others*¹⁰⁴ gestel:

'I am not the first and nor will I be the last to lament upon the difficulty of determining the dividing line between lawful and unlawful interference with the trade of another'¹⁰⁵.

¹⁰² Van Heerden en Neethling, 23.

¹⁰³ Ibid.

¹⁰⁴ 1981 (2) SA 173 (T) 186.

¹⁰⁵ Ibid, 186.

In die algemeen gestel is onregmatigheid grondliggend geleë in die skending van 'n subjektiewe reg¹⁰⁶. Volgens Van Heerden en Neethling¹⁰⁷ kom enige handeling, wat die effek het dat dit op die objek van die subjektiewe reg inwerk of wat die regshebbende andersins in die genot en gebruik van sy regsgoed steur, ongeag of dit op 'n regstreekse (direkte) of onregstreekse (indirekte) wyse geskied, as 'n aantasting van die betrokke subjektiewe reg in aanmerking. Die blote feitlike versteuring van hierdie betrekking tussen subjek en objek beteken egter nie dat daar sonder meer 'n aantasting van die betrokke subjektiewe reg plaasgevind het nie. 'n Regsaantasting moet ook met 'n normoortreding gepaard gaan.

In die algemeen word onregmatigheid aan die hand van die redelikhedskriterium¹⁰⁸, wat 'n objektiewe maatstaf is, bepaal en toegepas met verwysing na die algemene regsopvatting van die gemeenskap (*boni mores*)¹⁰⁹. 'n Afweging van die belange wat die dader inderdaad met sy handeling bevorder het, teenoor die belange wat hy inderdaad met sy handeling aangetas het, vind by die toepassing van die *boni mores*- maatstaf plaas, met verdere inagneming van die gemeenskapsbelang¹¹⁰.

Op die gebied van onregmatige mededinging, waar die beskerming van handelsgeheime en vertroulike inligting gestalte vind, is die *boni mores*-kriterium nie aanvanklik deur die Suid-Afrikaanse howe toegepas nie. Die maatstaf van eerlikheid en billikheid in handel en mededinging is uit *Gous v De Kock, Combrinck v De Kock*¹¹¹ deur regter Steyn oorgeneem en

¹⁰⁶ Sien ook die bespreking van die leerstuk van subjektiewe regte in hierdie Hoofstuk, par 7.4..

¹⁰⁷ Van Heerden en Neethling, 65 – 67.

¹⁰⁸ Sien ook Neethling, 561.

¹⁰⁹ *Universiteit van Pretoria v Tommie Meyer Films (Edms) Bpk* 1977 (4) SA 376 (T) 387 en *Minister van Polisie v Euwels* 1975 (3) SA 590 (A) 597.

¹¹⁰ Neethling, 561.

¹¹¹ (1887) 5 SC 405, 409.

aanvanklik in *Geary & Son (Pty) Ltd v Grove*¹¹² toegepas. Hierdie maatstaf is in *Dun and Bradstreet (Pty) Ltd v SA Merchants Combined Credit Bureau (Cape) (Pty) Ltd*¹¹³ nagevolg met regter Corbett se opmerking:

'Fairness and honesty are themselves somewhat vague and elastic terms but, while they may not provide a scientific or indeed infallible guide in all cases to the limits of lawful competition, they are relevant criteria which have been used in the past and which, in my view, may be used in the future in the development of the law relating to competition in trade'¹¹⁴.

Hierna in *Stellenbosch Wine Trust Ltd and Another v Oude Meester Group Ltd, Oude Meester Group Ltd v Stellenbosch Wine Trust Ltd and Another*¹¹⁵ het regter Diemont die belangrikheid van hierdie maatstaf, synde billikheid en eerlikheid beklemtoon en opgemerk dat daar toegegee moet word dat hierdie sinsnedes billikheid in mededinging en eerlikheid in handel 'n outydse klank het, wat die siniese persone in besigheid sal laat glimlag, maar dit is korrek dat die howe ag moet slaan op en klem moet lê op hierdie deugde¹¹⁶. Verder is hierdie sinsnedes elasties en net so moeilik om aan te wend soos die redelike man maatstaf moeilik is om aan te wend. Nieteenstaande, indien ons reg wil ontwikkel en besigheidspersone beskerming teen onregmatige inmenging in sy besigheid wil verleen, sal die howe nie die woorde billikheid en eerlikheid verontagsaam nie. 'n Handelaar wat 'n bedrieglike wanvoorstelling aangaande sy eie besigheid tot nadeel van sy mededinger se

¹¹² 1964 (1) SA 434 (A) 441.

¹¹³ 1968 (1) SA 209 (C).

¹¹⁴ *Ibid*, 218 H - 219 A.

¹¹⁵ 1972 (3) SA 152 (K) 161 – 162.

¹¹⁶ *Ibid*, 161.

besigheid maak, is skuldig aan onregmatige inmenging. Sy optrede is onbillik en oneerlik en sal die basis vir 'n regsdeding vorm¹¹⁷.

In *Stellenbosch Wine Trust Ltd and Others v Oude Meester Group Ltd and Others*¹¹⁸ verwys regter Theron na 'n opmerking gemaak deur regter Corbett in *Dun and Bradstreet (Pty) Ltd v SA Merchants Combined Credit Bureau (Cape) (Pty) Ltd*¹¹⁹ dat mededinging wat onbillik en oneerlik is as onwettig geag kan word. Volgens regter Theron moet beide die elemente onbillikheid en oneerlikheid teenwoordig wees vir 'n handeling om onregmatig te wees. Hy verduidelik verder dat in sy mening regter Corbett bedoel het om die klem op die element van oneerlikheid te plaas en nie voorgestel het dat onbillikheid in enige wye sin, op sigself mededinging onregmatig sal reël nie.

Regter van Dijkhorst ondersteun hierdie standpunt in *Atlas Organic Fertilizers (Pty) Ltd v Pikkewyn Ghwano (Pty) Ltd and Others*¹²⁰. Volgens regter Van Dijkhorst is die toets van onbillikheid *per se* as basis vir onregmatigheid nie deur ons howe aanvaar nie. Andersins was daar nog nie van ons howe verwag om pertinent hierdie vraag te beoordeel nie. Ons sal in 'n see van onsekerheid verlore wees indien billikheid wel die enigste maatstaf is wat toegepas moet word. Die individu ag dit wat teenstrydig met sy morele oortuigings is as onbillik. Wie se oortuigings moet dan nou deurslaggewend wees? 'n Bepaalde individu mag dalk handelsgebruike wat in sy gemeenskap algemeen aanvaarbaar is, as onbillik ag, so byvoorbeeld sal regeringsmededinging met die privaat sektor of 'n prysoorlog tussen 'n kettingwinkel en die klein kruideniersware winkel op die hoek, waar die uitslag die onafwendbare einde van laasgenoemde sal wees, vir sommige as onbillik voorkom. Hierdie is egter 'n welbekende gebeurlikheid. Onbillikheid *per se*

¹¹⁷ Ibid, 162.

¹¹⁸ 1977 (2) SA 221 (K) 249 – 250.

¹¹⁹ 1968 (1) SA 209 (K).

¹²⁰ 1981 (2) SA 173 (T) 187 – 189.

kan dus nie die enigste maatstaf van onregmatigheid wees nie. Regter van Dijkhorst is verder van oordeel dat die twee elemente eerlikheid en billikheid gesamentlik 'n onvoldoende maatstaf daarstel vir die vasstelling van onregmatigheid. Wat volgens hom vereis word is 'n regstandaard streng genoeg om aan die hof leiding te verleen, maar buigsaam genoeg om toe te laat dat 'n inherente gevoel van 'fair play' die uitslag kan beïnvloed¹²¹.

Na oorweging van die onregmatigheidskriteria wat in vreemde regstelsels toegepas word, het regter Van Dijkhorst¹²² tot die gevolgtrekking gekom dat die maatstaf wat toegepas moet word die objektiewe een van openbare beleid is. Dit wil sê die gemeenskap se algemene gevoel van regverdigheid, die *boni mores*, vasgelê in die openbare mening. Om hierdie maatstaf in 'n bepaalde saak vas te stel en toe te pas moet die belange van die mededingende partye opgeweeg word met inagneming van die belange van die samelewing en die openbare welsyn van almal. Aangesien hierdie maatstaf nie *in vacuo* kan bestaan nie, is die sedes van die bedryfsarena en die besigheidsetiek van daardie deel van die gemeenskap waarin die maatstaf toegepas moet word, hoogs belangrik by hierdie bepaling.

In *Schultz v Butt*¹²³ bevestig regter Nicholas die maatstaf soos deur regter Van Dijkhorst neergelê, maar hy gooi nie die maatstaf van eerlikheid en billikheid oorboord nie¹²⁴. Volgens regter Nicholas moet by die beoordeling van billikheid en eerlikheid aan die *boni mores* en die algemene regsgevoel van die gemeenskap oorweging gegee word. Regter Nicholas bevestig ook Van der Merwe en Olivier¹²⁵ se beklemtoning dat die regsgevoel van die gemeenskap gesien moet word as die regsgevoel van die gemeenskap se

¹²¹ Ibid.

¹²² Ibid.

¹²³ 1986 (3) SA 667 (A).

¹²⁴ Domanski, 440.

¹²⁵ Van der Merwe en Olivier, 58 voetnoot 95.

beleidmakers, soos die Wetgewer en Regters. Terwyl billikheid en eerlikheid relevante maatstawwe is om te bepaal of mededinging onregverdig was, is hulle nie die enigste maatstawwe nie. Soos uiteengesit in *Lorimar Productions Inc v Dallas Restaurant*¹²⁶ kan vrae na openbare beleid in 'n bepaalde saak belangrik wees. Dit sluit in vrae soos die belangrikheid wat 'n vrye markstelsel en mededinging in ons ekonomiese sisteem sal bied.

Regter Lewis vermeld in *Waste Products Utilisation (Pty) Ltd v Wilkes and Another*¹²⁷ sekere vorme van onregmatige mededinging wat in ons regstelsel erken word. Hy verwys na die onbillike gebruik van 'n mededinger se resultate en arbeid en die misbruik van vertroulike inligting ten einde jou eie besigheidsbelange en aktiwiteite te bevorder ten koste van die mededinger.

7.3.2.2 DIE ELEMENT VAN SKULD

'n Eiser wat as gevolg van die onregmatige optrede van sy mededinger vermoënskade gely het, behoort in beginsel met die *Legis Aquiliae* te kan slaag indien hy skuld aan die kant van die dader in die vorm van opset of nalatigheid kan bewys¹²⁸.

In *Link Estates (Pty) Ltd v Rink Estates (Pty) Ltd*¹²⁹ is bepaal dat aangesien 'passing-off' 'n delik is en die aksie dus Aquilies gebaseer is, was dit nie nodig om *dolus* aan die kant van die verweerder te bewys nie. Nalatigheid is voldoende.

¹²⁶ 1981 (3) SA 1129 (T) 1152 – 1153.

¹²⁷ 2003 (2) SA 515 (WLD) 571.

¹²⁸ Van Heerden en Neethling, 26.

¹²⁹ 1979 (2) SA 276 (OK) 281.

Regter Roos het in *Van Castricum v Theunissen*¹³⁰ bevestig dat 'n aksie vir skadevergoeding in geval van misbruik van vertroulike inligting die *lex Aquilia* is en dat slegs *culpa* aan die kant van die verweerder voldoende sal wees vir aanspreeklikheid.

7.3.2.3 DIE WASTE PRODUCTS UTILISATION (PTY) LTD v WILKES AND ANOTHER - BESLISSING¹³¹

Vertroulike inligting kan deur middel van 'n interdik of 'n eis vir skadevergoeding beskerm word. Volgens regter Lewis in *Waste Products Utilisation (Pty) Ltd v Wilkes and Another*¹³² moet die volgende bewys word ten einde met 'n eis te kan slaag:

'The plaintiff must have an interest in the confidential information, which need not necessarily be ownership. The information must be of a confidential nature. There must exist a relationship between the parties which imposes a duty on the defendant to preserve the confidence of information imparted to him, which could be the relationship between the employer and employee, or the fact that he is a trade rival who has obtained information in a improper manner. The defendant must have knowingly appropriated the confidential information. The defendant must have made improper use of that information, whether as a springboard or otherwise, to obtain an unfair advantage for himself. Finally, the plaintiff must have suffered damage as a result'¹³³.

¹³⁰ 1993 (2) SA 726 (T) 735.

¹³¹ 2003 (2) SA 515 (W).

¹³² 2003 (2) SA 515 (W) 573 – 585.

¹³³ *Ibid*, 573.

(1) Die eiser moet 'n belang in die vertroulike inligting hê.

Die eienaar van die vertroulike inligting het 'n reg om die gebruik daarvan deur enigiemand anders te verhoed¹³⁴. Die reg om vertroulike inligting te beskerm is egter nie tot die eienaar beperk nie. Dit kan ook aan 'n persoon wat in regmatige besit van die vertroulike inligting is, verleen word¹³⁵.

(2) Die inligting moet van 'n vertroulike aard wees.

Volgens regter Lewis¹³⁶ val inligting of prosesse wat deur handelaars of vervaardigers gebruik word in verskeie kategorieë, te wete:

‘that which is trivial or easily accessible, and is not confidential at all; that which is confidential, but which remains in an employee’s head and becomes part of his or her own skill and knowledge applied in the course of the employer’s business, such that, on leaving employment, he or she may use the skill and knowledge for his or her own benefit in competition with the former employer, provided that he or she did not take copies of documents or deliberately memorise the information before leaving; and specific trade secrets which are so confidential that they may not be used in competition with a former employer¹³⁷.

Met hierdie kategorieë as beginpunt het ons howe binne die gebied van werkgewer/werknemer verhoudings vertroulike inligting in twee duidelike groepe ingedeel, naamlik, handelsgeheime en ander vertroulike inligting wat beskerming geniet.

¹³⁴ Sien *Dun and Bradstreet (Pty) Ltd v SA Merchants Combined Credit Bureau (Cape) (Pty) Ltd* 1968 (1) SA 209 (C) 213 E – F en *Harvey Tiling Co (Pty) Ltd v Rodomac (Pty) Ltd and Another* 1977 (1) SA 316 (T).

¹³⁵ Sien *Prok Africa (Pty) Ltd and Another v NTH (Pty) and Others* 1980 (3) SA 687 (W).

¹³⁶ *Waste Products Utilisation (Pty) Ltd v Wilkes and Another* 2003 (2) SA 515 (WLD) 576.

¹³⁷ *Ibid*, 576.

In *Knox D'Arcy Ltd and Others v Jamieson and Others*¹³⁸ het regter Stegman hierdie onderskeid tussen die twee klasse vertroulike inligting getref. Eerstens sal handelsgeheime, in 'n wye sin, vertroulike inligting van die werkgewer wees waartoe 'n werknemer toegang mag hê en wat van so 'n aard is dat die werknemer dit nooit mag gebruik nie, behalwe tot voordeel van die werkgewer en waartoe die werknemer steeds gebonde bly om dit te alle tye nadat hy die werkgewer se diens verlaat het, geheim te hou. Die tweede klas is ander vertroulike inligting van 'n werkgewer wat 'n werknemer as vertroulik moet bewaak solank as wat hy in die werkgewer se diens bly. Die grondslag hiervan is die algemeen geïmpliseerde plig tot goeie trou wat die werknemer teenoor die werkgewer het (die omvang van hierdie plig sal afwissel ooreenkomstig die aard van die kontrak). Hierdie inligting word onvermydelik in die werknemer se brein weggedra sodra hy die diens van sy werkgewer verlaat. Dit staan die werknemer dan vry om hierdie inligting te gebruik, onderhewig aan die voorwaarde dat hy nie terwyl hy nog in diens van die werkgewer was sy plig van goeie trou verbreek het nie. Indien hy byvoorbeeld 'n lys of kopie van 'n lys van sy werkgewer se kliënte gemaak het of dit opsetlik gememoriseer het, het hy sy plig van goeie trou verbreek.

Vir inligting om vertroulik geag te word, moet dit volgens regter Lewis aan die volgende vereistes voldoen:

'it must be useful, in the sense that it must be capable of use or application in trade or industry; it must, objectively, not be public knowledge or public property, but known only to a restricted number of

¹³⁸ 1992 (3) SA 520 (W) 527 E – I.

persons; and it must be of economic value to the plaintiff¹³⁹.

Regter Lewis kom tot die gevolgtrekking dat:

‘... the mere fact that an application or process may be a very simple solution to a problem, and may be self- evident once attention is drawn to it, does not mean that it is not protectable as being confidential information or a secret process’

en verder:

‘... the fact that the use of the spiral washing plants for spiralling woodchip may be considered to be a simple idea is irrelevant. It is often the simplest of ideas which turn into the greatest inventions’.

(3) ‘n Verhouding tussen die partye wat ‘n plig op die verweerder plaas om die vertroulikheid van die inligting wat aan hom toevertrou is te bewaar.

Die mees algemene verhouding wat so ‘n plig skep is die tussen werkgewer en werknemer¹⁴⁰. ‘n Eiser kan wel daarop steun dat die verweerder, wat sy mededinger is, die inligting op ‘n onbehoorlike wyse vanaf ‘n derde wat in ‘n vertrouensposisie teenoor die eiser gestaan het, verkry het en toe in mededinging met die eiser gebruik het¹⁴¹.

¹³⁹ Sien ook *Alum – Phos (Pty) Ltd v Spatz* (1997) 1 B All SA 616 (W) 623 – 624; *Harvey Tiling Co (Pty) Ltd v Rodomac (Pty) Ltd and Another* 1977 (1) SA 316 (T) 321; *Schultz v Butt* 1986 (3) SA 667 (A) 680 C – E en *Coolair Ventilator Co SA (Pty) Ltd v Liebenberg and Another* 1967 (1) SA 686 (W) 689G deur regter Marais:

‘If it is objectively established that a particular item of information could reasonably be useful to a competitor as such, ie to gain an advantage over the plaintiff, it would seem that such knowledge is *prima facie* confidential as between an employee and third parties....’.

¹⁴⁰ *Meter Systema Holdings Ltd v Venter and Another* 1993 (1) SA 409 (W); *Easifind International (SA) (Pty) Ltd v Instaplan Holdings and Another* 1983 (3) SA 917 (W) 927 B – E.

¹⁴¹ *Waste Products Utilisation (Pty) Ltd v Wilkes and Another* 2003 (2) SA 515 (WLD) 581 E – I.

(4) Die verweerder moes wetende inligting van die eiser toegeëien het.

In *Atlas Organic Fertiliser (Pty) Ltd v Pikkewyn Ghwano (Pty) Ltd and Others*¹⁴² word die posisie onomwonde gestel:

‘... it is a wrongful act knowingly to appropriate confidential information of a rival who has by the exercise of his skill and labour compiled it’¹⁴³.

(5) Onbehoorlike besit of gebruik van die inligting, ongeag of dit as ‘springboard’ of andersins is.

‘Springboarding’ behels ‘not starting at the beginning in developing a technique, process, piece of equipment or product, but using as the starting point the fruits of someone else’s labour’. Hoewel die ‘springboard’ konsep toepassing vind by vertroulike inligting, kan die misbruik van die vrugte van ‘n ander se arbeid in gepaste gevalle as onregmatig geag word selfs waar die inligting wat gekopieer is nie vertroulik is nie¹⁴⁴.

(6) Die eiser moes skade gely het.

Getuienis dat skade gely is moet aangebied word voordat ‘n aksie gegrond op die delik van onregmatige mededinging verleen sal word. Die skade moet in die vorm van vermoënskade wees en die eiser moet op ‘n oorwig van waarskynlikhede die omvang van die skade bewys.

7.4 DIE AARD VAN HANDELSGEHEIME EN VERTROULIKE INLIGTING

Van Heerden en Neethling¹⁴⁵ omskryf ‘n handelsgeheim as synde bedryfsinligting van ‘n besondere ekonomiese waarde wat nie algemeen aan andere beskikbaar

¹⁴² 1981 (2) SA 173 (T).

¹⁴³ Ibid, 191 B.

¹⁴⁴ *Schultz v Butt* 1986 (3) SA 667 (A).

¹⁴⁵ Van Heerden en Neethling, 132-134.

is nie en gevolglik nie aan andere bekend is nie. 'n Handelsgeheim verteenwoordig dus vir 'n onderneming 'n waardevolle, regsbeskermingswaardige ekonomiese belang. Uit regspraak blyk dit dat aan twee vereistes voldoen moet word alvorens bedryfsinligting as 'n handelsgeheim en dus as 'n selfstandige regsgoed kan geld. Die inligting moet eerstens geheim of vertroulik wees. Die inligting moet dus slegs beskikbaar wees vir en bekend wees aan 'n beperkte personekring¹⁴⁶. Objektief beskou, moet die inligting tweedens vir die onderneming van bedryfsekonomiese waarde wees. Of die betrokke inligting aan hierdie kwalifikasies voldoen is 'n feitevraag wat van die omstandighede van die besondere geval afhang. Die aard van die bedryfsinligting is in so 'n geval irrelevant, want enige tipe bedryfsinligting wat aan vermelde vereistes voldoen sal 'n handelsgeheim daarstel¹⁴⁷.

Welke inligting van 'n vertroulike aard is, sal volgens regter Marais in *Coolair Ventilator Co (SA) (Pty) Ltd v Liebenberg and Another*¹⁴⁸ van die omstandighede van elke saak afhang en in die verband sal die potensiële of werklike nuttigheid van die inligting vir die mededinger 'n belangrike oorweging wees om te bepaal of dit vertroulik is of nie.

Van Zyl en Van der Vyver¹⁴⁹ omskryf 'n subjektiewe reg as synde die deur die positiewe reg gereëelde aanspraak van 'n regsobjek op 'n regsobjek ten opsigte van ander persone, wat in die eerste plek impliseer dat die regsobjek in 'n regsverhouding met die regsobjek staan. Hierdie regsverhouding hou enersyds in dat die regsobjek 'n (werklike of potensiële) beskikkings- en genotsbevoegdheid oor die regsobjek het en andersyds dat die regsobjek regtens bestem is om die regsobjek tot behoeftebevrediging te dien. Die regsverhouding impliseer verder dat die regsobjek in 'n regsverhouding met

¹⁴⁶ *Atlas Organic Fertilizers (Pty) Ltd v Pikkewyn Ghwano (Pty) Ltd and Others* 1981 (2) SA 173 (T) 194.

¹⁴⁷ *SA Historical Mint (Pty) Ltd V Sutcliffe and Another* 1983 (2) SA 84 (K).

¹⁴⁸ 1967 (1) SA 686 (W) 691.

¹⁴⁹ Van Zyl en Van der Vyver, 421 en 405; sien ook Du Plessis en Du Plessis, 132.

derdes staan, welke verhouding in hoofsaak inhou dat hy daarop aanspraak kan maak dat die derdes hulle sal weerhou van 'n inbreuk op die regsobjek. Hiervolgens is 'n regsobjek dan daardie aspek (faset, sy of funksie) van 'n entiteit wat 'n regs waarde vir 'n bepaalde regsobjek inhou op grond daarvan dat een of meer buite-juridiese waardes van daardie entiteit regtens bestem is om, ter uitsluiting van ander regsobjekte, die regsobjek tot behoeftebevrediging te dien¹⁵⁰.

Volgens Knobel¹⁵¹ is daar twee vereistes vir die regsobjek wat in die geval van handelsgeheime beskerming verdien. Eerstens moet die betrokke inligting geheim of vertroulik wees en tweedens moet die inligting (ekonomies) waardevol in die handel wees. Die vereiste dat die inligting geheim moet wees, beteken dat dit slegs aan 'n beperkte aantal persone bekend moet wees. Volgens Knobel¹⁵² wil dit voorkom of die vereiste van geheimhouding of vertroulikheid ook 'n subjektiewe element het in die sin dat die eienaar 'n geheimhoudingswil ten opsigte van die betrokke inligting moet hê. Die nodige geheimhoudingswil sal normaalweg uit die feit dat die eienaar van die geheime inligting ook redelike stappe gedoen het om die vertroulikheid daarvan te beskerm afgelei kan word.

¹⁵⁰ Sien ook Knobel (2), 574-575, waar hy ten opsigte van die leerstuk van subjektiewe regte opmerk: 'The doctrine of subjective rights postulates that people, as legal subjects, are holders of subjective rights. The holder of a subjective right has a right to something, which right is enforceable against other people. Thus a subjective right is typified as a dual relationship. On the one hand, the right is a relationship between the person who is holder of the right (a legal subject) and the entity that is the object of the right (a legal object). At the same time, the right is also a relationship between the holder of the right and other people, that is, other legal subjects. The first mentioned relationship confers powers of enjoyment, use and disposal on the legal subject in respect of the legal object. The content and limits of these powers are determined by the norms of the law. The second relationship implies that the holder of a right may enforce his or her powers over the legal object against other legal subjects. A correlative duty rests on other legal subjects not to interfere with the relationship between the holder of the right and the object of his or her right. Again, the content and limits of the holder's powers of enforcement, as well as the content and limits of the correlative duty of other legal subjects, are determined by the norms of the law'.

¹⁵¹ Knobel (1), 490-492.

¹⁵² Knobel (1), 491.

Myns insiens kan daar nie van die eienaar verwag word om stappe te neem om die inligting te beskerm nie. Al wat nodig is, is dat die eienaar op so 'n wyse teenoor die inligting optree dat daar nie gesê kan word dat hy/sy van die vertroulikheid van die inligting afstand gedoen het nie. Hy/sy het dus nie sy/haar uitsluitlike reg op die inligting geabonneer nie.

Die vertroulike inligting moet verder, volgens Knobel¹⁵³, ook van waarde in die handel wees alvorens dit as 'n handelsgeheim regsbeskerming kan geniet. Hierdie waarde van die inligting moet objektief bepaal word. Vertroulike inligting sal waardevol in die handel wees as dit aan die eienaar daarvan 'n voorsprong bo sy werklike of potensiële mededingers besorg of sal besorg.

Volgens Geldenhuys¹⁵⁴ kan 'n entiteit as regsobjek dien indien dit:

- '(i) vir die een of ander regsobjek van waarde is en bestem is om die regsobjek tot behoeftebevrediging te dien;
- (ii) die entiteit regtens toedeelbaar is aan een regsobjek tot uitsluiting van ander regsobjekte (wat impliseer dat dit nie vrylik beskikbaar is nie, vir menslike beheer vatbaar is en genoegsaam bepaald, voldoende omlin en selfstandig is om die genot daarvan en beskikking daarvoor moontlik te maak); en
- (iii) indien die toedeling van die entiteit aan die regsobjek 'n gemeenskapsordende funksie sal vervul.

Geldenhuys¹⁵⁵ kom tot die gevolgtrekking dat inligting as sodanig of inligting in die algemeen nooit 'n regsobjek kan vorm nie en dat daar dus nie sprake kan wees van 'n subjektiewe reg wat as die reg op inligting bekend kan staan nie.

¹⁵³ Knobel (1), 492.

¹⁵⁴ Geldenhuys (2), 262.

¹⁵⁵ Geldenhuys (2), 265.

Ten opsigte van die aard van 'n handelsgeheim meen Knobel¹⁵⁶ dat geheime, waardevolle bedryfsinligting die voorwerp van regsbeskerming is. Hy omskryf 'n handelsgeheim as 'n onstoflike produk van die menslike gees wat geklassifiseer kan word as die objek van 'n immaterieelgoederereg. Hierdie sienswyse dat 'n handelsgeheim 'n immateriële regsgoed daarstel wat as objek van 'n selfstandige immaterieelgoederereg dien kom ook in die regspraak voor¹⁵⁷.

Du Plessis¹⁵⁸ toon aan dat immaterieelgoedereregte in die klassifikasie van subjektiewe regte as die vierde kategorie van sodanige regte, naas saaklike regte, persoonlike of vorderingsregte en persoonlikheidsregte erken word. Immaterieelgoedereregte verskil egter van die ander subjektiewe regte op grond daarvan dat die regsobjek by 'n immaterieelgoederereg 'n ontasbare onliggaamlike produk van die mens se geestesarbeid is wat buite die mens geleë is en onafhanklik van hom bestaan, en wat vermoëns waarde het. Sy¹⁵⁹ onderskei tussen immaterieelgoedereregte wat statutêr geskape en beskermde regte is en die regte wat op grond van die beginsels van die gemene reg erken en beskerm word.

Volgens Du Plessis¹⁶⁰ is die enigste erkende gemeenregtelike immaterieelgoederereg die reg op werfkrag en by onregmatige mededinging gaan dit telkens om 'n onregmatige aantasting van die werfkrag, dit wil sê 'n inbreukmaking op die subjektiewe reg ten aansien van die werfkrag. Sy meen dat die reg op die handelsgeheim reeds as 'n selfstandige immaterieelgoederereg erken word¹⁶¹, maar toon aan dat die howe in die afwesigheid van 'n statutêre

¹⁵⁶ Knobel (1), 492.

¹⁵⁷ Sien *Harchris Heat Treatment (Pty) Ltd v ISCOR* 1983 (1) SA 548 (T) 555 waar die hof die betrokke vertroulike besigheidsinligting as 'intellectual property belonging to the plaintiff' beskryf het.

¹⁵⁸ Du Plessis (1), 89-90.

¹⁵⁹ Du Plessis (1), 90.

¹⁶⁰ Ibid.

¹⁶¹ Du Plessis (1), 91-92.

immaterieelgoederereg (soos handelsmerk of outeursreg) geen regshulp sal verleen waar die skending nie tussen mededingende handelspartye plaasgevind het nie¹⁶².

Du Plessis¹⁶³ kom dan tot die gevolgtrekking dat dit juis as gevolg van fragmentasie is dat daar soms in oënskynlik verdienstelike gevalle, waar daar deur 'n persoon se inisiatief, geestesarbeid, moeite en onkoste 'n onstoflike produk tot stand gekom het, wat werd is om nageboots of gekopieer te word, as gevolg van die huidige stand van die reg, geen remedie teen nabootsing of kopiëring verleen sal word nie, tensy dit onregmatige mededinging daarstel.

Du Plessis¹⁶⁴ argumenteer dat daar geen beginselbeswaar kan wees om vertroulike inligting of handelsgeheime as synde onliggaamlike of intellektuele eiendom te beskou nie, in welke geval die eiser se reg 'n immaterieelgoederereg sal wees. Sy gee egter toe dat dit moeilik sal wees om in elke saak die limiete en omvang van wat deel van sodanige eiendom sal vorm, te bepaal. Volgens haar moet getuienis nou ook in elke geval aangebied word om te bepaal presies welke inligting as vertroulik of geheim geag moet word.

¹⁶² Du Plessis (1), 94-99; sien *Harchris Heat Treatment (Pty) Ltd v ISCOR* 1983 (3) SA 548 (T) en 1987 (4) SA 421 (A) as 'n uitsonder op hierdie beginsel. Du Plessis, 100, merk dan op:

'Volgens die huidige stand sal immateriële regsgoed slegs met sekerheid kwalifiseer vir beskerming indien dit òf binne een van die vasstaande statutêr-afgebakende klasse val, òf duidelik binne die omvang van die gemeenregtelik-uitgekristalliseerde werfkrag tuisgebring kan word. Onstoflike goedere, of dit nou handelsgeheime is, of inligting (insluitende bedryfsinligting, tegnologiese inligting en persoonlike inligting), rekenaartegnologie (insluitende programmatuur en mikrovlokkies), die produkte van genetiese manipulasie op die gebied van die mikrobiologie, funksionele nywerheidsontwerpe, gekommersialiseerde karakterbeelde, of wat ook al, wat die teiken is van aantastings in omstandighede buite bestek van hierdie wette of die erkende gemeenregtelike raamwerk ten opsigte van onregmatige mededinging, sal in die praktyk slegs in uitsonderlike en verregaande gevalle soos in *Harchris*, of dikwels glad nie, beskerming verleen word'.

¹⁶³ Du Plessis (1), 100.

¹⁶⁴ Du Plessis (2), 68.

Sy gaan voort:¹⁶⁵

'Futhermore, the fact that the enforcement of rights to such property will normally involve a restriction placed on the activities of others is in line with the enforcement of other statutory immaterial property rights..... It is submitted, therefore, that the rights to confidential information or trade secrets are to be seen as immaterial property rights (bearing in mind that the confidential information or trade secrets which form the legal objects of the rights have an independant existence and an inherent economic value), which rights would incorporate the power to prevent unauthorised use or exploitation of the legal objects of the rights. In that case misappropriation of the confidential information or trade secrets by others would constitute an infringement of the immaterial property right, thereby creating delictual liability¹⁶⁶.

Dit wil voorkom asof Du Plessis die klassifikasie van vertroulike inligting en handelsgeheime as immaterieelgoedereregte voorstaan, maar dat sy nie argumenteer dat vertroulike inligting of handelsgeheime reeds as bloot immaterieelgoedereregte beskerm moet word nie. Dit wil verder voorkom asof sy die gedagte voorstaan dat die beskerming van sodanige objekte in wetgewing vervat behoort te word, soos in die geval van byvoorbeeld outeursreg en handelsmerke, waarna die skending van vertroulike inligting en handelsgeheime as onafhanklike regsgoed ingevolge die deliktereg aangespreek kan word.

7.5 **BESPREKING**

Die Suid-Afrikaanse kontraktereg en deliktereg verskaf voldoende en effektiewe nie-strafregtelike beskerming aan vertroulike inligting en ook aan

¹⁶⁵ Du Plessis (2), 68-69.

¹⁶⁶ Ibid.

handelsgeheime. Dit is onnodig om 'n lys van gevalle oor welke inligting onder welke omstandighede beskerming verleen sal word op te stel. Geen sodanige *numerus clausus* lys van gevalle is moontlik of wenslik nie, want die beginsels van die kontraktereg en die elemente van die deliktereg is voldoende in die Suid-Afrikaanse reg ontwikkel om elke geval op sy eie meriete en afhangende van die omstandighede in elke geval te beoordeel.

Die nie-strafregtelike beskerming van vertroulike inligting en handelsgeheime is insiggewend en waardevol by die beoordeling oor hoe inligting in die Suid-Afrikaanse strafreg beskerming verleen behoort te word. Vir verskeie redes is dit ook noodsaaklik dat die Suid-Afrikaanse reg nie bloot net nie-strafregtelike beskerming aan inligting bied nie. Die siviele reg het as uitgangspunt die vergoeding van skade deur middel van restitusie bevele en die voorkoming van skade of verdere skade deur middel van 'n interdik ensovoorts. Vele persone en regspersone het nie die nodige finansiële vermoëns om hierdie regte af te dwing en om aksies in te stel nie. Sommige verweerders is finansiëel net te sterk en skryf die skadevergoeding en regskoste af as bloot besigheidswaardes. Ander verweerders se finansiële posisie is egter so benard dat dit net nie die sout werd is om 'n aksie teen hom of haar in te stel nie. Bykomende strafregtelike beskerming teen die wederregtelike en opsetlike openbaring, gebruik, verkryging of toe-eiening van inligting blyk wel 'n noodsaaklikheid in die Suid-Afrikaanse strafreg te wees.

Die nie-strafregtelike beginsels verleen in hierdie opsig sekere insigte. Hoewel nie 'n *numerus clausus* van gevalle nie, verleen die kontrakte en delikte reg voorbeelde van die tipe handeling wat strafbaar gereël kan word. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die kontrakte en delikte reg hoofsaaklik te make het met gevalle waar die partye eertydse werknemer en werkgewer was en het daar nog nie juis gevalle van industriële of ekonomiese spioenasie in die howe gedien nie. Die delik van onregmatige mededinging het as uitgangspunt 'n aksie tussen handelsmededingers en nie tussen 'n onafhanklike spioen, waar die spioen nie vooraf deur 'n mededinger opdrag gegee is om namens hom op die

slagoffer-mededinger te spioeneer nie, en 'n slagoffer-besigheid nie. Hierdie gevalle behoort ook deur die strafreg aangespreek te word.

Ander regsbeginsels soos onregmatigheid verleen ook reeds insig oor hoe die elemente van wederregtelikheid in die strafreg by die beskerming van handelsinligting oorweeg behoort te word. 'n *Nalatigheidsmisdryf* van die wederregtelike verkryging van inligting word nie ondersteun nie en sal daar aanbeveel word dat enige sodanige misdryf slegs opsetlik gepleeg kan word¹⁶⁷.

¹⁶⁷ Sien Hoofstuk 12.